30 Augustus 2026

Oggend diens

Sing: Ps. 92:1,2; Ps. 92:6; Ps. 25:1,2; Skr. 26:1,2,11; Ps. 146:1,6,8.

Lees: Matt. 4:1-11; Gen. 2:4-17; Gen. 3:1-4

Teks: Matt. 4:1

Tema: Christus is versoek sodat ons teen al die aanslae van die Satan versterk kan word.

Die plek van die versoeking

Nadat die Heilige Gees op Christus uitgestort is dryf die Gees Hom in die woestyn in met die spesifieke doel om deur die duiwel versoek te word. Sy bediening op aarde begin met hierdie eerste oorwinning oor die Satan sodat hy sy kinders ook van al die Satan se versoekings kan verlos. Die versoeking vind egter nie plaas in gemaklike omstandighede en met die ondersteuning van vriende en familie nie, maar in totale menslike verlatenheid. Deur al die beproewings en aanslae wat ons deurleef en ervaar kan ons egter seker wees van die nabyheid van ons Vader.

Die identiteit van die versoeker

Die feit dat die versoeking van Christus in die woestyn plaasvind is belangrik, maar dit is ook nodig dat ons sal sien wie die een is wat Christus versoek. Oor hierdie identiteit is daar geen onduidelikheid nie, naamlik die Satan. Ons moet onthou dat die Satan steeds onder die mag en die beheer van God is. Hy versoek die Seun van God, maar dit is met volle wete van Christus en onder die toelating van die Vader. Sy poging is om die Seun van God te verlei en te toets om die om sonde te doen en so de wil van die Vader te verwerp.

Die posisie van die versoekte

Christus is egter self God en daarom is die Satan aan Hom onderwerp. Maar tog gaan Christus nie in sy goddelikheid met hierdie versoekings om nie, maar in sy menslike natuur. Dit is ook eindelik waarop elkeen van die versoekings gerig is. Tog betree Christus die stryd as volmaakte mens en kan Hy elkeen van die versoekings deurstaan. Hy het vir veertig dae gevas, wat daarop wys dat Hy Hom aan die Vader onderwerp en veroortmoedig het. Hy dra die versoeking steeds in gehoorsaamheid en afhanklikheid.

Aanddiens

Sing: Ps. 99:1,2,3; Ps. 145:1,2,3; Ps. 145:10,11,12.

Lees: Psalm 145, Son 52

Teks: Son 52vr 128,129

Tema: Ons gebede berus op die waaragtige koningskap, krag en heerlikheid van Christus

Die waaragtige koningskap van Christus

In die laaste twee vrae van die Kategismus moet ons besin oor die afsluiting van ons gebed. Met besondere woorde kan ons aan die einde van ons gebed die eer en heerlikheid van ons Vader groot maak. met die woordjie “Amen” betuig ons dat alles wat ons gebid het op die waaragtigheid van God berus. In ons lof verheffing gryp ons in die eerste plek vas aan die erkenning van sy waaragtige koningskap. Hy wil ons in sy Goddelike Koningskap alles aan ons gee waarvoor ons gebid het en wat in sy raad vir ons beskik is. In sy koningskap soek ons Koning die beste vir sy onderdane.

Die waaragtige krag van Christus

Die Koningskap van God kan in volmaaktheid uitgevoer word omdat Hy alle krag en mag in die hemel en op die aarde besit. Daar is geen groter krag as Hy nie. By die afsluiting van ons gebed bely ons ons eie onmag en sy waaragtige almag. Sy koninkryk en sy mag sterk van ewigheid tot ewigheid want Hy is hoog verhewe bo sy skepping. Dit is op grand van sy krag wat ons weet dat ons gebede verhoor word en dat Hy aan ons sal voorsien en ons van die aanslag van die bose sal bewaar. Op grond van sy krag weet ons dat daar vir ons geen ander toevlug in hierdie lewe is nie.

Die waaragtige heerlikheid van Christus.

Met die bede dat die heerlikheid aan Hom behoort bely ons dat alle eer in die hemel en op die aarde Hom alleen toekom. In sy koningskap en op grond van sy krag openbaar die Here Hom as die hoogste gesag wat aan niks onderworpe is nie. daarom kom al ons eer Hom alleen toe. In sy heerlikheid sal kan ons weet dat Hy ons gebede sal verhoor en ag gee op die roepstem van sy kinders. In die dankbaarheid kan ons die heilige Naam van die Here in ons gebede aanroep, daarom erken ons ook sy eer en heerlikheid.